

4. Salomo

1 Konings 2 - 11 en 2 Kronieke 1 - 9

God straf sonde

Salomo verkies wysheid bo rykdom en eer, tog skenk die Here hom beide. Ten spyte van sy voorspoed raak hy later afvallig en straf God hom. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die regte keuses bring seën van die Here.
- Gelowiges moet hulle daarvan weerhou om met ongelowiges te trou.
- Ongehoorsaamheid aan die Here loop uit op teenspoed.

Salomo en Adonia

Salomo is skaars 20 jaar oud toe hy koning word. Adonia, Dawid se ander seun, probeer nou om op 'n skelm manier die troon van Salomo af te neem. Hy vra Batseba om Salomo te vra om Abisag aan hom as vrou te gee. Abisag is 'n jong meisie wat Dawid verpleeg het voor sy dood. Die meeste mense dink egter dat sy Dawid se vrou was. As Salomo toelaat dat Adonia met haar trou, kan hy daardeur sy oorlede pa, Dawid, se erfgenaam word en só weer aanspraak op die koningskap van Israel maak. Toe Batseba die versoek van Adonia aan Salomo oordra, is hy baie kwaad en laat hy Adonia doodmaak.

Dieselfde lot tref ook Joab wat saam met Adonia gekonkel het. Hy vlug na die altaar, wat bewys dat Salomo die versoek van Adonia in die regte lig gesien het. Die altaar bied egter geen asiel aan moedswillige moordenaars soos Joab nie.¹⁵ Hy het Abner en Amasa koelbloedig vermoor. Nou moet hy vir sy dade boet. Benaja bring Joab by die altaar om die lewe. Daarna word hy in die woestyn begrawe. Die derde medepligtige, Abjatar die priester, word nie soos Adonia en Joab doodgemaak nie, maar word wel ontslaan as priester. Verder word hy ingeperk in sy vaderstad, Anatot.

Simeï, die man wat Dawid gevloek het is nog daar. Hy is voorheen deur Dawid begenadig, maar Dawid het dit aan die wysheid van Salomo oorgelaat om hom te straf. Ook hy word verbied om Jerusalem te verlaat. Wanneer hy

¹⁵ Eks. 21: 14 Maar as iemand moedswillig teen sy naaste handel, om hom met lis dood te maak, moet jy hom van my altaar af wegneem, om te sterwe.

drie jaar later die stad verlaat om van sy slawe wat gedros het, by koning Agis van Gat te gaan haal, beseël hy daarmee sy eie doodsvonnis. Hiermee is alle potensiële gevare wat Salomo se troon kan bedreig, uit die weg geruim.

Salomo kies wysheid

Almal aanvaar Salomo nou as hul koning, maar as jong koning wag 'n moeilike taak vir hom. Daarom bring hy op die hoogte van Gibeon 'n dankoffer van 1000 brandoffers aan die Here. Die Here verskyn in 'n droom aan Salomo en beloof hom dat Hy met hom sal wees. Verder vra die Here aan Salomo wat hy graag wil hê. Salomo begeer om 'n verstandige koning te wees, sodat hy sy volk goed, volgens God se voorskrifte kan regeer. 'n Beter keuse kon Salomo nie gemaak het nie. Daarom gee die Here aan hom nie net wysheid nie, maar ook rykdom en eer.

Salomo se wysheid

In dié tyd kom twee vroue wat in een huis woon, na Salomo sodat hy as regter tussen hulle kan optree. Gedurende die nag het een vrou se kind gesterf. Sy neem toe die lewende kind van die ander vrou en lê haar dooie kind by die ander vrou neer. Toe die ander vrou in die môre wakker word, sien sy dat die dooie kind nie haar kind is nie. Tevergeefs probeer sy om haar kind by die ander vrou te kry, maar dié weier beslis .

Nou word dit van Salomo verwag om te beslis wie die wettige moeder van die lewende kind is. Hy gee bevel dat hulle vir hom 'n swaard moet bring sodat hy die lewende kind in twee dele kan sny. Dan kan elke vrou 'n helfte van die kind kry. Die kind se regte ma pleit benoud vir die lewe van haar kind terwyl die ander vrou tevrede is met sy uitspraak. Nou twyfel Salomo nie meer oor wie die kind se ma is nie en hy gee die kind aan sy eie ma terug.

Die optrede van Salomo maak 'n diep indruk op die volk. Hulle kan duidelik sien dat God aan Salomo wysheid gegee het.

Salomo se rykdom en eer

Salomo is baie ryk. Sy inkomste is geskat op 666 talente goud, bo en behalwe die belastings wat die ander konings aan hom moet betaal. Hy stuur sy karavane oral heen om handel te dryf. Sy skepe gaan selfs tot by Ofir om goud te gaan haal. Salomo se rykdom kan verder gesien word in sy paleis en die tempel wat hy laat bou. Die gerug oor Salomo se rykdom, wysheid en

mag versprei baie vinnig oor die hele wêreld. Hiram, die koning van Tirus, is so beïndruk met Salomo dat hy hom met geskenke oorlaai en selfs gewillig is om alles wat nodig is vir die bou van die tempel, aan hom te verskaf.

Salomo bou die tempel vir die Here

Nadat hy koning geword het, begin Salomo dadelik om die tempel te bou. Hiram, die koning van Tirus, stuur vir Salomo seder- en sipreshout van die Libanonberge. Die klippe vir die tempel laat hy weer uit die berge naby Jerusalem kap. Hoe groot die werk is, blyk uit die getal arbeiders wat nodig is om die werk te doen. Daar is 30 000 man wat die hout kap en dit bewerk, 70 000 man wat dit aandra en 80 000 man wat as klipkappers werk. Alle boumateriaal is eers gereed gemaak voordat dit na die bouperseel vervoer is, sodat daar tydens die bou van die tempel geen geraas by die tempel gehoor kon word nie.

Na sewe jaar is die tempel voltooi op die dorsvloer van Arauna, die plek op die berg Sion wat Dawid gekoop het.¹⁶ Die tempel is op dieselfde patroon as die tabernakel gebou. Dit het ook drie dele: die Allerheiligste, die Heilige en die voorhof.

Die Allerheiligste is 20 el lank, 20 el breed en 20 el hoog. Daarin is die ark met die versoendeksel, wat met goud oorgetrek is en waarop die twee gerubs met vlerke is. Dit is agter 'n gordyn wat die voorhangsel genoem word. Die Heilige is 40 el lank, 20 el breed en 30 el hoog. Daarin staan die reukofferaltaar, tien tafels vir die toonbrode en tien goue kandelare met sewe arms elk. Voor die Heilige is 'n voorportaal waar twee koperpilare staan wat Jagin en Boas genoem word. Die tempel van Salomo het twee voorhove: een vir die priesters en een vir die volk. In die voorhof van die priesters is die groot brandofferaltaar en die koperwaskom.

Die inwyding van die tempel

Toe die tempel amper voltooi is, tref Salomo voorbereidings vir die inwyding van die tempel gedurende die huttefees. Die priesters en Leviete dra die ark van die verbond, wat nog steeds in 'n tydelike tent op Sion staan, na die tempel en sit dit in die Allerheiligste onder die vlerke van die gerubs neer.

16 2 Sam. 24: 24 Maar die koning het Arauna geantwoord: Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir sy prys; en ek wil nie verniet aan die HERE my God brandoffers bring nie. En Dawid het die dorsvloer en die beste gekoop vir vyftig sikkels silwer.

Sodra die priesters uit die heiligdom kom, vul die magtige teenwoordigheid van die Here die tempel. Die volk gee uiting aan hulle blydschap deur lofliedere tot eer van die Here te sing.

Met die inwydingsfees bring hulle 'n groot offer aan die Here: 22 000 beeste en 120 000 skape word geoffer. Daarmee bewys Salomo dat hy die Here wil dien. Ná Salomo se inwydingswoorde seën hy die volk en spreek hulle toe. Dan kniel hy en bid tot die Here om die huis en sy volk te seën. Net ná die gebed daal daar vuur uit die hemel neer en verteer die brandoffers. Dit het ook gebeur by die eerste offerande van Aäron.¹⁷ Hierdeur toon die Here dat in die midde van sy volk wil woon.

Die volk is baie bly en dankbaar. Nou het hulle 'n plek waar hulle die Here kan dien.

Die koningin van Skeba

Salomo leef in groot rykdom en weelde. Ná die inwyding van die tempel waarsku die Here hom teen afgode, miskien omdat die Here sien dat hy Hom nie meer met sy hele hart soos in die verlede dien nie. Hy bou allerlei paleise in Jerusalem en hou hom besig met ander groot bouprojekte. Hy bou skepe wat vir hom goud in Ofir en silwer in Tarsis, in Spanje, gaan haal. Hy maak selfs vir sy lyfwagte goue skilde.

Van al die uithoeke van die aarde kom besoekers. Ook die koningin van Skeba kom om die wysheid van Salomo te sien. Ná 'n aantal gesprekke met Salomo wys Salomo haar alles wat hy het. Sy is beïndruk met sy paleise, die kos wat hulle eet en hoe sy dienaars sit en sy bediendes staan. Sy sien ook die trappe waarmee Salomo opklim na die huis van die Here. Dit alles slaan haar asem skoon weg sodat sy in verbasing sê: "Die helfte is my nie meegedeel nie!" Sy gee aan Salomo geskenke en ontvang ook van hom geskenke voor sy terugkeer na haar land toe.

¹⁷ Lev. 9: 23 en 24 Daarop het Moses en Aäron in die tent van samekoms gegaan; en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. En die heerlijkheid van die HERE het aan die hele volk verskyn vuur het van die aangesig van die HERE uitgegaan en op die altaar die brandoffer en die stukke vet verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle gejuig en op hulle aangesig geval.

Salomo se sonde

Dit kos sterk bene om rykdom te kan dra, en selfs Salomo met al sy wysheid, is nie sterk genoeg nie. Die meeste van sy 700 vroue en 300 byvroue is vroue uit vreemde volke waarvan die Here gesê het dat sy volk nie met hulle mag trou nie.¹⁸ Die vroue dien afgode en bring die afgode saam na Jerusalem. Toe Salomo oud is en sy weerstand afgeneem het, oortuig hulle hom om vir die afgode altare te bou en ook aan hulle te offer. Vergete is God se herhaalde waarskuwings aan hom dat hy geen ander gode mag dien nie.

Die straf van God bly dan ook nie uit nie. Eers hoor Salomo dat die koningskap van sy huis weggeskeur en aan 'n vreemde, aan Jerobeam, gegee sal word. Sy seun Rehabeam sal slegs oor een stam koning word. In die suide kom die Edomiete onder Hadad in opstand teen Salomo, terwyl Reson en 'n bende Salomo se verbinding met die noorde bedreig. Selfs sy onderdane is glad nie meer met hom tevrede nie en begin eerder vir Jerobeam, 'n bekwame ambagsman van Salomo, as hul leier te sien.

Die profeet Ahia en Jerobeam

Die Here stuur die profeet Ahia na Jerobeam in Jerusalem. Ahia neem sy mantel, skeur dit in twaalf stukke en gee tien stukke aan Jerobeam. Hy sê aan Jerobeam dat die Here ná Salomo se dood tien stamme aan hom sal gee waarvoor hy koning sal wees. Jerobeam word egter haastig en wil nie wag totdat die profeet se woorde waar word nie. Hy kom in opstand teen Salomo. Toe Salomo dit hoor, probeer hy Jerobeam om die lewe te bring. Jerobeam vlug na Egipte waar hy bly totdat hy van Salomo se dood hoor.

Toe Salomo sterf, word hy in Jerusalem begrawe. Ná sy dood maak sy seun Rehabeam hom gereed om sy vader as koning op te volg.

Salomo se betekenis

Ná 'n regering van 40 jaar sterf Salomo. Hy was 'n ware vredevoers en het geen enkele oorlog gevoer nie. So is hy 'n voorbeeld van die Messias in wie se ryk daar vir ewig vrede sal wees.¹⁹ Sy grootste betekenis lê vir ons in sy boeke Spreuke en Hooglied in die Bybel.

18 Neh. 13: 27 Moet ons nou van julle hoor dat julle al hierdie groot kwaad doen, om ontrou te handel teen God deur vreemde vroue te trou?

19 Jes. 9: 6 (9:5) Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers

In sy 3 000 spreuke sien ons hoe wys hy was en dat hy selfs in die klein dingetjies in die lewe die groot bedoeling en wysheid van die Here raak sien.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 73 - 76 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 455 - 475 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 294 - 302 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 325 - 333 p.